54

# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -nr 54 Desember 2024*

| Belangrike interne nommers |
|---|
| **Oordbestuurder 7003** |
| **Ontvangs 7001 en 7002** |
| **Onderhoudspan 1128** |
| **Sekuriteit 6363 en 1126** |
| **Sorgsentrum 7020 en 1130** |
| **Suster Ina 7025** |
| **Wassery 7021** |
| **Kliniek Andrea 1127** |
| **Haarsalon 7019** |
| **Skoonheidsalon 7005** |
| **Koffiewinkel 7029** |
| **Eksterne Nrs** |
| **Ambulans 086 108 6911** |
| **Oordsuster (nood) 076 2123412** |
| **Onderhoudsspan 064 812 0093** |
| **Brandweer 071 409 9254** |
| **Metro polisie 012 358 7095** |
| **SAPD Sinoville 012 543 8800** |
| **Dr Venter 066 152 9552** |
| **Kombuis 012 000 4439** |
| **Sorgsentrum 012 000 4438** |
| **Of Nood 060 326 2659 Ina** |
| **KLB elektries 083 225 0229** |
| **Vdm Loodgieter 071 194 2153** |
| **Best Loodgieters 012 453 1760** |

## ELEKTRISITEIT

Onthou om seker te maak dat u genoeg elektrisiteit op u meter het voor u met vakansie vertrek. Dit sal verseker dat u yskas & vrieskas aan bly terwyl u weg is. Die goedkoopste elektrisiteit vir u voorafbetaalde meter is steeds by ons ontvangs, maar wanneer die kantoor gedurende die feestyd gesluit is kan u by Pick 'n Pay koop.

## AAND EN GASTE ETES

Die ondersteuning van aandetes is van so'n aard dat die langer werksure vir personeel en gepaardgaande kostes die voortsetting daarvan nie kan regverdig nie. Spesiale aande soos "sop en sjerrie aande" sal wel van tyd tot tyd gereël word. Vanaf 1 Januarie sal gaste etes R80 kos. Dis nader aan die werklike kostes van 'n ete. Etes het so gewild geword, kinders neem nie meer ouers na restaurante op 'n Sondag nie, maar ouers nooi nou hul kinders en kleinkinders na ons eetsaal.

## INLIGTINGSESSIE OOR VERSORGING IN ONS OORD

Daar sal 'n algemene inligtingsessie wees op Woensdag 4 Desember 2024 om 15:00 in ons gemeenskapsaal.

## VERSEKERING VAN GEISERS SE SONPANEEL

Die onlangse koue nag het veroorsaak dat 56 sonverwarmingspanele v ervang moes word. Ons versekerings polis is eensydig deur versekeringsmaatskappy gewysig. Panele sal nog slegs teen haelskade verseker wees. Ons ondersoek tans nuwe moontlikhede wat insluit "selfversekering" met assesering volgens bepaalde reëls ten opsigte van onderhoud/dienste van toerusting. Dit sal steeds deur versekeringsmaatskappy gedoen word. Tans slegs verseker ten opsigte van haelskade. Ons werk daaraan.

## WHATSAPP GROEPE

**Moenie uself verwyder van ons WhatsApp groepe nie. U sal belangrike inligting mis.**

## HONDE

Die klagtes oor blaffende honde en uitwerpsels neem net nie af nie, INTEENDEEL.

**Versoek aan ons hondeeienaars:**

Kan IEMAND van julle nie 'n groep (WhatsApp en realiteit) van honde-eienaars stig nie? Dan kan julle as groep julle lede bedagsaamheid leer?
Kan julle verseker dat jul lede jaarliks hul inentings ( hondsdolheid bv) op datum hou.
Mekaar as hondeliefhebbers ondersteun, kompetisies hou, onmin tussen bure agv honde hanteer ens. Liefde kweek tussen die wat honde het en die wat gefrustreerd raak deur die honde vanweë die honde se eienaars.



**Vir die wat met "Jan-tuisbly-se-karretjie" ry. Twee legkaart stasies, kuierkamer, veerpyltjies, tafeltennis, poolkamer, biblioteek, braaiarea, en die koffiewinkel met sy dek is vir julle en jul gaste beskikbaar. As u kinders wil speel is dit reg maar toesig sal belangrik wees.**

## NOODDEURE BY WOONSTELLE

Die deure mag SLEGS gebruik word in geval van nood. Dis nie 'n kortpad om te neem nie. U werkers en mense wat aflewerings doen moet ook daarop gewys word. Dis nie net 'n oordreël nie, dis 'n wet.

## WERKS-URE: DESEMBER 2024/JANUARIE 2025


**EUNISKO LAUNDRY SERVICES:** Sluit Vrydag 20/12/24, Her-open Dinsdag 07/01/25
**SILVER VIOLET HAIR SALON:** Sluit Vrydag 20/12/24 Her-open Dinsdag 07/01/25
**TIPS & TOES SKOONHEIDSSALON:** Sluit Vrydag 20/12/24 Her-open Dinsdag 07/01/25
**DR SASJA VENTER:** begin Woensdag, 08/01/25. Afsprake by Sr Mariaan 0661529552 **of** Sr Christa 0661529299
**EEN SKOONMAKER** is soos volg beskikbaar: 24/12/24 tot 12:00. 25/12/24 Niemand, 26/12/24 tot 12:00. 31/12/24 en 01/01/25 tot 12:00. Al die ander dae normaal.
**ONTVANGSKANTOOR: SIEN LAASTE BLADSY VAN HIERDIE BULLETIN**

## KOMBUISREËLINGS OOR DIE KERSTYD

Die eetsaal sal geen etes aanbied op kersdag 25 Desember 2024 nie. (Sorgsentrum normale etes en snacks) Oujaarsdag 31 Desember sal ook geen etes in die eetsaal bedien word nie. Maar kom kry en geniet " A Roadhouse experience" by die Koffiewinkel



# SORGSENTRUM





Die bestuur en inwoners van ons Sorgsentrum wil almal van harte bedank, groot aantal vrywillige werkers, wat hul aangemeld het om die Sorgsentrum vir kersfees te versier. Dit lyk pragtig.

# MARKTE

Die laaste "Dinsdagmark" sal, vanweë die vakansiedag op Maandag die $16^{de}$, eers op <u>Woensdag die $18^{de}$ Desember</u> plaasvind. Daarna sal die "Dinsdagmark" hervat in Februarie 2025. Die GROOT kersmark sal plaasvind op Saterdag, 14 Desember 2024. Moet dit nie misloop nie. Die volgende groot maandelikse mark sal weer in Februarie 2025 wees.

# KERSLIEDERE SERENADE

Soos verlede jaar beplan ons weer om 'n sanggroep bymekaar te maak om een of twee aande kersliedere te sing op verkillende plekke deur die oord. Voorlopige datums: ons oefen 17 en 18 Desember en loop deur oord en sing kersliedere op Donderdagaand 19 Desember vanaf 18:30. Hou u WhatsApp's dop vir finale datums en reëlings.

# WATER

Munisipale waterbeperkings is steeds van krag. Slegs tussen 18:00 en 06:00 mag u met tuinslang in u hand (nie sproeiers nie) u tuin natmaak. Geen plaveisels, strate of motors mag met tuinslange gewas word nie.

Die oord sal nie teen u optree tussen 16:00 en 09:00 (slegs ten opsigte van tuin natmaak met tuinslang in u hand), maar as munisipale inspeksie gehou word sal u self verantwoordelik wees vir boetes.

Daar is **<u>Groen krane met boorgatwater</u>** in geval van wateronderbrekings vanaf munisipaliteit. Hulle is beskikbaar in Rolandpark by die brug en aan die einde van Flamink, Fisant en Drawwertjie strate. Daar is ook groen krane naby huise nr 1, 10, 25, 30, 74, 104 en 304.

# KERSSEISOEN

**Vir die wêreld is dit "silly season" vakansie tyd, padongelukke, besige inkopietyd en misdadigers floreer op die drukte. Wees versigtig, wees <u>geduldig</u>, wees oplettend. As u weggaan kom verfris maar veral ook veilig terug.**

**Met die hoop dat ons tussen al die bedrywighede die belangrikste, die geboorte van Jesus Christus sal vier, met dankbaarheid in ons harte vir die verlossing wat Hy aan ons, wat glo, geskenk het.**



***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons stoeloefeninge, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons vrydag pannekoekverkope,ons veerpyltjies, ons tafeltennis, ons skoonmaakdienste, ons pooltafel, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***

**JB**

# Bougainvilla
# Kerstyd Kantoor-ure

| | |
|---|---|
| 13 Desember | 07:45 - 11:30 |
| 16 Desember | GESLUIT |
| 17 - 23 Desember | 07:45 - 15:45 |
| 24 Desember | 07:45 - 11:30 |
| **25-5 Januarie** | **GESLUIT** |
| 6 Januarie | 7:45-15:45 |

**Noodnommer 064 812 0093**